
# DIE SWART LUIPERD

No. 49
## Afgrond van Wraak




MEIRING FOUCHE

Dit is op daardie oomblik wat die moordende hou hom agter die nek tref. Hy probeer sy ewewig behou, maar die wêreld draai met hom en hy stort vooroor met sy gesig in die droë kraalmis. Hy het nog die krag om op sy rug te swaai en toe sien hy vaagweg deur sy bedwelming die Zombi's wat met die opgehewe assegaaie daar staan, die blink lemme op hom gemik. Nog nooit het die Swart Luiperd so weerloos en so magtelose gevoel nie. Hy probeer orent swaai, maar dit is asof die spiere in sy liggaam almal verlam is.

Die Zombi's trek daardie assegaaie verder agteruit. Maak hulle klaar om te steek. Net op daardie oomblik toe hulle die assegaaie omlaag wil slinger, is dit meteens asof die duiwel los is.

Stofomslag: Chris du Plooy



## INHOUD

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Rooi Veer | 3 |
| 2. | Dreunende Waters | 11 |
| 3. | Die Lokval | 20 |
| 4. | 'n Zombi Raak Weg | 28 |
| 5. | Vader en Dogter | 37 |
| 6. | Inkuza Praat | 46 |
| 7. | Na die Plek van die Leeus | 54 |
| 8. | Die Dood kom Nader | 63 |
| 9. | Gevaar in die Pad | 70 |
| 10. | Donker Slaan Toe | 79 |
| 11. | Oor die Afgrond | 86 |

## Hoofstuk 1

## DIE ROOI VEER

Die son lê laag bo die westelike horison en dit slinger 'n rooi gloed oor die ver berge en oor die oerwoud waarin die donker geheimenisse skuil nog voordat die aand gekom het.

Op die ruie bosheuwel hier op die hooglande van Kenia hou die Swart Luiperd sy swart hings Donker meteens in. Sy twee tiers, Spikkels en Simson, kom ook werktuiglik tot stilstand want hulle het al geleer dat as hul baas die swart hings inhou, dan is dit vir hulle ook verstandig en veilig om eers te gaan staan. Met die sterk instink van die dier het hierdie twee groot, geslepe jagluiperds al geleer dat hul baas verder kan sien as hulle. Die gevaar veel gouer agterkom as hulle twee.

Deur die oë van sy eienaardige tiermasker staar die Swart Luiperd oor die rûens heen na die toneel op 'n rant nie veel meer as 'n kilometer voor hom nie. Hy frons hier agter sy masker en daar gaan 'n tinteling deur sy bloed soos dit maar elke keer gebeur wanneer hy iets buitengewoons hier in die ongerepte oerwoud gewaar.

En wat hy nou daar aanskou, is heeltemal buitengewoon. In die laat namiddaglig sien hy hoedat 'n swerm aasvoëls donker sirkels deur die lug trek. Hulle swaai en bondel op een plek saam daar op die ver rug, swaai na benede, dan weer op soos aasvoëls gewoonlik maak wanneer daar te veel is vir die fees. En hierdie moet 'n groot fees wees, dit weet die skerpsinnige Swart Luiperd meteens. Hy kan dit sien uit die gedrag van die aasvoëls.

Met sy arendsoë ondersoek hy die omgewing daar waar die aasvoëls bondel, maar hy sien geen verdere teken van beweging nie. Dit is net die draaiende aksie van voëls wat sigbaar is. En tog voel dit vir hom asof onheil in die ruigtes om daardie plek skuil. Dit is 'n skerp rug wat opstoot uit die doringveld wat hier so dig is. En links anderkant die plek waar die roofvoëls fees vier, loop die rug op in 'n ruie ronde rotskoppie.

,,Laat ons gaan kyk, my diere,'' sê die Luiperdman met sy diep, skerp stem en hy roer vir Donker met die hakke aan. Vinnig en doelbewus beweeg hy deur die plate knoppiesdoring, deur 'n

vlak vallei en toe anderkant teen die rug uit. In hom is daar 'n gevoel van skerp afwagting. Hierdie deel van die oerwoudwêreld ken hy nie goed nie. Dit is een van die weinige dele in hierdie byna ongerepte wildparadys wat hy nog nie soos die binnekant van sy hand ken nie. Selfs die purper berge wat anderkant hierdie gebroke veld en anderkant 'n breë vallei hemelwaarts opstoot, ken hy nie. Die donker, groen, beboste hange is vir hom net so vol geheimenis as wat dit vir enige vreemdeling sal wees.

Die twee tiers beweeg vinnig voor hom en weerskante van hom, soos dit hul gebruik is. Net soos twee brandwagte beweeg die twee getroue mak diere wanneer hulle voel dat daar spanning in die lug is, dat daar 'n geheim is wat ontdek moet word, dat daar 'n gevaar is wat ontbloot moet word.

Die Swart Luiperd is skaars op die rug uit toe hy met verbasing besef dat hy 'n klein opstal tussen die groot wildevy bome nader, byna weggesteek tussen die wildevye, die doringbome en ander groot gewasse wat hier so welig groei. 'n Koue gevoel trek deur hom toe hy die netjiese klein huisie voor hom sien. Of, altans, dit moes netjies gewees het, dink die Swart Luiperd. Nou is dit nie meer baie netjies nie want dit is byna tot op die grond toe afgebrand. Twee gewels het moedig bly staan en waar die vensters was, sit daar nou twee gate terwyl die staande gewels deur swart brandvlekke besoedel is. Namate die Luiperdman nader galoppeer, word die verwoesting wat hier aangerig is vir hom elke oomblik duideliker. En toe hy die werf opry, snak hy van skone verbasing. Rondom die opstal is daar onbeskryflike chaos. Hy dryf Donker onder die malende, joelende aasvoëls in en slaan wild na hulle met sy handsambok. En toe hy die meeste eindelik verdryf het, sien hy waarop hulle fees gevier het. Die karkasse van 'n paar beeste, 'n klompie skape, drie of vier honde, van hoenders en bokke is deur die roofvoëls al byna kaal gevreet en vermink. 'n Handpomp by 'n ronde, gemesselde putjie is van sy voetstuk afgebreek. 'n Ligte motorvragwaentjie is aan brand gesteek en staan nou soos 'n swart geraamte daar. 'n Paar buitegeboue en 'n rondawel is aan brand gesteek en toe blykbaar stelselmatig platgeslaan. Stoele, banke, tafels, klerekaste lê vernietig op die werf rond. En blykbaar die enigste lewende wese wat hierdie roekelose en deeglike aanval oorleef het, is 'n bont huiskat wat op 'n bondel op





een van die swart mure sit.

Skoon verbaas klim die Swart Luiperd uit die rug van Donker, staan daar rond en neem die chaos met sy oë op. So 'n bloedige verwoesting het hy op al sy omswerwinge nog nooit aanskou nie.

Versigtig en wakker stap hy nader na die uitgebrande murasie met sy lang boog in sy hand en met 'n pyl aan die snaar. Hy weet nog nie wie die booswigte is wat hierdie verwoesting aangerig het nie maar hy is vasbeslote dat hy nie ook hier oorval sal word nie.

Op die klipstoep van die woning waaroor houtbalke, bakstene en stukke pleister gestrooi lê, steek hy meteens vas. Daar, net regs van die vernielde deur lê 'n blink panga. Hy buk en tel dit op. Ondersoek die breë skerp lem noukeurig maar hy gewaar daar geen bloed aan nie. Hy gooi die panga weer tussen die rommel neer.

,,Dan is dit die inboorlinge se werk,'' sê die Swart Luiperd. ,,Maar waarom?''

Hy staan onseker daar voor die bouval en hy voel 'n koue streep langs sy ruggraat af. Hy verbeel hom ál dat hy iewers vandaan dopgehou word. Die son lê nou baie laag bo die westelike gesigseinder en die groot bome werp lang donker skaduwees oor die grond. Die Luiperdman, dapper soos hy is, skrik terug toe 'n aasvoël met sy groot fladderende vlerke hier binne die bouval opvlieg en oor die gewel sweef. Toe stap die lang man met sy groot skouers en sy afskrikwekkende tiermasker oor die verbrande drumpel na binne. Daar aanskou hy dieselfde chaos as buite. Duur meubels is roekeloos aan flenters geslaan. Skilderye is van die mure geruk en verbrysel. En daar teen die een binnemuur sien hy die groot hond dood lê. Dit is blykbaar die prooi waarvandaan die aasvoël nou net opgevlieg het.

Die groot Oerwoudman staan fronsend daar in die puin. Die deeglikheid en die klaarblyklike woede wat met hierdie verwoesting gepaard gegaan het, slaan hom skoon dronk. Dit lyk asof 'n orkaan die plek getref het. Niks is heel nie. Selfs 'n paar geleentheidstafeltjies is eenvoudig verpletter.

Maar wat hom nog die meeste verbaas, is dat hy nog geen tekens van 'n worsteling gesien het nie. Geen bloedspatsel teen 'n muur of iewers op die puin nie. Nog nêrens het hy 'n lyk sien lê nie. Hy is heeltemal seker daarvan dat niemand in die huis 'n aanval van hierdie aard kon oorleef nie. Of sou die mense miskien nie tuis

gewees het nie? Hoe kan dit wees? Onder die boom hier voor die deur lê die ligte vragwaentjie uitgebrand. Maar miskien het hulle ander vervoer gehad, dink hy.

Nog steeds verwonderd loop hy na die kombuis toe deur. En toe tref iets hom meteens. Die swart stoof is ook stukkend geslaan, maar daar eenkant teen die muur lê 'n kastrol waarin blykbaar kos gekook was, want in die kastrol is daar nog die oorblyfsels wat vir hom na 'n bredie lyk. 'n Paar meter daarvan lê 'n braaipan waarin die vet wit koud geword het. En toe hy verder ondersoek instel, kry hy die blad van 'n wildsbok, blykbaar van 'n springbok, wat half gaargemaak is.

,,Dan was hier tog mense,'' sê hy tot homself terwyl hy die puin verder aandagtig betrag. Rondkyk om te sien of hy nie iewers tog maar 'n lyk sien lê nie. Maar daar is geen die minste teken van 'n mens wat hier gedood is nie. Dit kan hy glad nie verklaár nie, want wat sou die doel van so 'n aanval wees as die aanvallers die bewoners van hierdie huis ongedeerd gelaat en hulle nie vermoor het nie? Vir die vreemde verskynsel het hy net geen uitleg nie.

Hy beweeg in die rigting van die agterdeur en toe steek hy meteens vas. Buk en trek 'n spierwit stuk lap tussen die rommel uit. Hy hou dit in sy hande en staar met 'n aaklige bewuswording daarna.

Dit is die voorskoot van 'n vrou. Om die kante is netjiese valletjies vasgewerk. Blykbaar het die band gebreek sodat die voorskoot afgeval het. Hy betrag dit baie noukeurig, maar hy sien geen teken van bloed nie.

,,Baie, baie eienaardig!'' sê die Swart Luiperd asof hy met iemand praat. ,,Hierdie affêre sit my in die kooi.''

En terwyl hy daar so staan, kry hy weer die gewaarwording dat hy dopgehou word. Dopgehou word deur ongesiene vyandige oë wat miskien van agter 'n breë stam na hom loer. Hy het sy lang boog weer oor sy skouer gehang en die dun pyl in die koker terug gesteek. Maar nou, nadat hy die wit voorskoot eenkant toe geslinger het, haal hy sy boog veiligheidshalwe weer van sy rug af en trek 'n pyl uit die koker.

Die Luiperdman stap by die agterdeur uit. Maar skielik steek hy weer vas. Hy het gehoor hoedat 'n kwêvoël iewers hard aan die raas gaan asof hy iets gesien het wat hy nie moet sien nie. Hy kyk in





daardie rigting waar die voël geskreeu het, kyk versigtig onder die bome deur, maar hy gewaar niks nie. En tog weet hy dat daardie voël iets gewaar het. Hy sien hom uit die hoë ronde top van 'n geweldige ou kameelboom wegvlieg na die top van 'n ander boom waar hy hom blykbaar veiliger voel. Die son is aan ondergaan en die Swart Luiperd verbeel hom dat hy byna onsigbare skimme deur die bome sien flits van stam tot stam. Onsigbaar en tog werklik. Hy weet dat daar iets in die omgewing moet wees, want anders sal hy nie so ongemaklik voel nie. Op sy omswerwinge deur die oerwoude van Afrika het hierdie groot, forse Suid-Afrikaner wie se liefde vir die ongerepte wilde natuur hom elke keer na hierdie onbekende bosse laat deurdring, aan hom al 'n soort sesde sintuig gegee wat hom altyd 'n onbetwisbare indruk gee wanneer die gevaar iewers skuil.

Daarom loop hy vinnig uit die ingevalle kombuis. Hy voel altyd vryer en veiliger op die ope terrein. Hy loop oor die werf en soek na spore. Maar ál wat hy kry, is verwarde kaalvoetspore in die sagte rooi grond om die bouval. Dit kan hy verstaan. Dit is die kaalvoetspore van die aanvallers.

Die Luiperdman beweeg 'n bietjie verder van die bouval af, verder na die westekant, want sy intuïsie sê aan hom dat hy daar iets sal kry wat vir hom 'n aanduiding sal wees. Hy hoef ook nie lank te soek nie. Tussen die kaalvoetspore sien hy twee ander spore. Maar hulle is nie deur kaalvoete getrap nie. Hulle is deur sole in die grond getrap. En hulle is ook nie normale spore nie. Die Swart Luiperd kan duidelik sien dat die mense wat hierdie spore getrap het, geloop en worstel het. Hulle lê onegalig oor die grond. Hier is hulle normaal en daar is hulle weer veel dieper getrap. Hier is net die merk van 'n hak en daar weer net die merk van die punt van 'n sool. Nog iets word vir hierdie skerp oë van die Oerwoudman duidelik. Die een stel spore is deur 'n paar stewels getrap. Die ander is veel kleiner. Dit is die spoor van 'n vrou. Natuurlik die spoor van die vrou wie se voorskoot hy daar in die vernielde kombuis gekry het.

Meteens gaan die lang man op sy hurke sit. Hy staar baie aandagtig na die grond. Hy het iets gesien wat sy aandag nog meer gevange hou as die twee spore wat hy ontdek het.

Met tipiese opmerksaamheid het hy nog 'n derde afwykende

spoor gewaar. Dit is ook nie 'n kaalvoetspoor nie, maar dit is ook nie die spoor van 'n normale stewel of skoen nie. Dit is groot. Aan 'n vrou behoort dit nie. Dit lyk asof dit daar getrap is deur 'n taamlike primitiewe sool. Nie die soort wat 'n mens in 'n winkel koop nie, maar eerder deur die soort primitiewe skoen wat party van die inboorlinge uit wildsvel prakseer. Met die punt van sy pyl trek die Luiperdman die buitelyn van een van hierdie spore af. Nou lê dit so duidelik en onmiskenbaar daar voor hom. En terwyl hy daarna kyk, dring die besef tot hom deur dat wie ook al hierdie spoor getrap het, nie 'n gevangene was nie. Hierdie persoon het aan die aanvallers behoort. Maar waarom dan net een spoor van hierdie aard? Dit vul hom met 'n nuwe verwondering want hy weet dat die primitiewe inboorlinge van hierdie dele baie baie selde iets aan hulle voete trek. Kaalvoet is vir hulle net die beste. Hulle glo dat hulle dan vinniger en stiller kan beweeg as wanneer hulle selfs net 'n sool onder hul voete het.

Die Luiperdman kom stadig orent en kyk weswaarts waar die son nou ondergegaan het. Die groot bergreeks wat daar lê, is nou in 'n sagte purper dynserigheid gehul wat aan die hoë kruine 'n majestueuse en tog byna afskrikwekkende skoonheid gee. Hy kyk oor die donker koppe van ver bome neer en toe konsentreer hy weer op die terrein hier voor hom.

Dit is toe dat die Swart Luiperd 'n entjie voor hom nog iets sien wat sy nuuskierigheid byna verdubbel.

In die rigting waarin hierdie spore lei, sien hy iets aan 'n lae, oorhangende tak van 'n doringboom fladder. Dit is 'n lang veer.

Hy stap dadelik daarheen en toe hy die doringboom bereik, sien hy dat die veer deur een van die lang wit dorings vasgevang is.

Heel moontlik sou hierdie veer nie eens sy aandag getrek het as dit nie so buitengewoon was nie.

Hy neem die lang, lenige veer tussen sy vingers en staan aandagtig daarna en kyk. As 'n mens nie kennis gehad het nie, sou jy gesê het dat hierdie die veer van 'n Flamink is. Maar dit is nie: daarvoor is hy te helderrooi. Ook is dit nie die veer van die een of ander paradysagtige voël wat miskien hier tussen die takke ingefladder het nie.

„Die stertveer van 'n bergarend," spreek die oerwoudman homself toe. Daarvan is hy onverbiddelik oortuig. Dit is lank, breed en sterk. En die algemene samestelling daarvan is dié van 'n bergarend se veer en niks anders nie.

Dit is egter die heel eerste keer wat die Swart Luiperd 'n arendveer sien wat rooi is. Dit laat hom agter sy masker glimlag. Want in 'n oomblik wat hom met hiernieude nuuskierigheid vul, besef hy dat hierdie veer baie, baie kunstig geverf is. Nou, wie op aarde sal 'n arendsveer wil verf? dink hy. As dit van die inboorlinge is, dan moes hulle darem al ver gevorder het om dit so skitterend te doen. 'n Mens sou sweer dat hierdie veer maar so moet lyk. Jy sal jou kop op 'n blok lê dat hierdie veer doodnatuurlik aan die een of ander uitheemse reusagtige rooi voël behoort het.

Met die vreemde veer in sy hand draai die Luiperdman om en stap terug na die verbrande murasie. Hy is half dankbaar oor wat hy uitgevind het. Dele van hierdie raaisel kan hy nou begin invul. In hierdie huis het 'n man en 'n vrou gewoon. Hulle is deur 'n horde inboorlinge oorval wat al hul besittings uitgeroei het maar blykbaar hul lewens gespaar het. Dit is 'n raaisel. Wanneer inboorlinge op hierdie manier hul woede afkoel, ontsien hulle gewoonlik nie die lewens van hul slagoffers nie. En tog is hierdie twee slagoffers heeltemal klaarblyklik weggevoer.

En in die gelid is daar 'n vreemde krefie wat 'n snaakse spoor trap en wat blykbaar een van sy rooi vere vergeet het. Maar wie is dié dan? dink die Swart Luiperd toe hy weer die werf opstap.

Hy kan egter nie veel hieroor nadink nie want 'n entjie van hom af sien hy vir Spikkels, die wakker tierwyfie, soos 'n standbeeld staan. Sy kwispel stadig met haar stert, haar ore is half plat getrek en sy bly net voor haar uitstaar asof sy iets sien wat sy nie behoort te sien nie.

Die Luiperdman hou haar 'n rukkie dop en hy sien dat sy in die grootste onsekerheid verkeer. Sy grom diep uit haar keel en hy kry die indruk dat sy hom iets wil meedeel.

Die Luiperdman kyk vinnig rond maar sien niks. Veiligheidshalwe bring hy egter die keep van sy pyl teen die snaar van die boog. Toe beweeg hy voetjie vir voetjie nader in die rigting van die vernielde rondawel waar Spikkels so ongeduldig staan en knor.

Dit is toe die oerwoudman 'n paar tree van die rondawel af is dat hy meteens in sy spore vassteek. Hoewel hy nog nie kan sien wat Spikkels sien nie, het hy iets gehoor. 'n Oomblik gelede het hy

gemeen dat die tierwyfie miskien 'n honger luislang of iets gewaar het. Maar nou weet hy dat hy nie met 'n luislang te doen het nie.

Die geluid wat hom tot stilstand gebring het, is die sagte gekreun van 'n mens.

Of het hy hom dalk misgis? Het sy gehoor hom dalk parte gespeel?

Nee, dit is nie die geval nie. Want toe hy fyner luister, hoor hy weer duidelik daardie sagte, byna onhoorbare gekreun iewers van agter die rondawel af.

Die volgende oomblik stap die Luiperdman vinnig dog versigtig in die rigting van die plek wat Spikkels met haar gespanne houding aandui.





## DREUNENDE WATERS

Die Swart Luiperd beweeg versigtig om die vernielde rondawel, toe steek hy in sy spore vas. Hier naby die muur van die rondawel, byna onsigbaar tussen die welige kikoejoe gras, lê 'n swart skepsel. Hy lê op sy rug en die Luiperdman sien die bloedige wond skuins bo die hart waar 'n panga hom moes getref het. Die man lê doodstil op sy rug met sy gesig na die weste en sy oë is nou skrefies waarin die laaste lig van die sterwende dag nog blink. Die lang man spring vinnig nader en gaan hurk by die sterwende skepsel. Sy asemhaling is vlak en diep en die oerwoudman sien dat hy nie meer lank te leef het nie. Dit kan hy ook verstaan toe hy na die gapende wond aan die man se bors kyk.

Hy praat 'n inboorlingdialek wat hy ken, en toe hy praat draai die man sy kop stadig met 'n kragtelose beweging. ,,Swart man,'' sê die Luiperdman, ,,wat het hier gebeur? Waarom is hier so baie verwoesting en waarom het hulle jou seergemaak?''

Hy buk laag want hy sien hoedat die droë lippe stadig beweeg. Die eerste wat die verwonde inboorling vra, is water. Die Swart Luiperd haal sy waterfles van sy skouers af en laat die water versigtig in die man se mond drup. Hy sluk stadig dog gulsig.

Nadat hy die skepsel op dié manier gelawe het, herhaal die Luiperdman sy vrae. En toe roer daardie lippe weer. ,,Dit is die Zombi,'' fluister die gewonde. ,,Die Zombi het gekom. Hulle het alles stukkend gemaak. Hulle het die wit bwana en sy dogter weggeneem.''

,,Die wit bwana?'' vra die Luiperdman. ,,Wie is hy, Swartman?''

,,Hy is die bwana Winston. Hy is die grootwildjagter wat hier gewoon het. En sy dogter het by hom gewoon.''

,,Maar hoekom is bwana Winston weggeneem?''

Die oë gaan groter oop en dit lyk asof die lig van vrees in hulle verskyn het. ,,Die Zombi sê hulle vat al die wit mense om hulle vir die Gode te offer,'' prewel die gewonde sag.

,,Vir die gode te offer?'' vra die Luiperdman. ,,Waarom wil die Zombi die witmense vir die gode offer?''